| 2 April | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
| --- | --- | --- |


# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE

### GOEIE VRYDAG (3 APRIL 2026) SE EREDIENSTE:

| 09:00 | 08:00 | 10:00 |
| --- | --- | --- |
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Heinrich Carstens | Dr Stephan Naudé | Dr Stephan Naudé |
| Johannes 18:28 - 19:16 | Johannes 18:28 - 19:16 | Johannes 18:28 - 19:16 |




LIG | DEERNIS | HOOP

**OPSTANDINGSONDAG (5 APRIL 2026) SE EREDIENSTE:**

**09:00**
**Hangklipkerk**
Ds Heinrich Carstens
Matteus 28:1-10

**09:00**
**Gesamentlike Erediens**
**Kleinmondkerk**
Dr Stephan Naudé
Johannes 20:1-18










Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond




SnapScan

Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.

## Baie welkom!

### Nuwe Intrekkers

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

**Matthys Johannes de Villiers en Esther Delport van Ventersburg (Ba1b)**
**Michiel Christiaan en Rentia Opperman van (EG) Pretoria-Oos (Sa1)**

*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.*
*Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

## Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...

*Andrew Garbers (Bb3) van 6de Laan 31A met die afsterwe van sy eggenoote, Adri .*

**Ds Heinrich Carstens**
083 566 1490
heinrich@ngkogelberg.co.za

**Dr Stephan Naudé**
063 580 1814
stephan@ngkogelberg.co.za

**KERKKANTOOR**ure

Maandag - Vrydag 10:00 - 13:00

**KONTAK**besonderhede

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

# Program vir die week

## 6 - 11 April 2026

## Maandag 6 April

### Gesinsdag

Kerkkantoor gesluit

## Dinsdag 7 April

**09:00** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

**09:30** GriefShare Kursus (Elza Marais)

**11:00** *Gerimed Biduur*

**16:30** *KM Gebedsgroep (Kapel)*

**17:30** *Bid vir Sendelinge (Kapel)*




## Woensdag 8 April

**09:00** Normaalklas vir Vrouebybelstudie (Kapel)

**17:00** Dissipelskapreis (Hangklipkerk)

**18:00** Rusplek (Kapel)

**18:30** Dissipelskapreis (Kleinmondkerk)

## Donderdag 9 April

**06:00** HK Mannegroep (Hangklipkerk)

**06:30** Kogelberg Mannegroep (TYD)

**17:30** Diensverhoudinge (TYD)


**18:00** DivorceCare Kursus (Elza Marais)

**KERKKANTOOR** *ure*

| | |
|---|---|
| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |

**KONTAK** *besonderhede*

| | |
|---|---|
| 028 271 3470 | info@ngkogelberg.co.za |




Die Dissipelskapreis is 'n uitnodiging en toerusting om in 'n lewende verhouding met God, ons Vader te leef.

Die Dissipelskapreis begin DV op **Woensdag 8 April 2026** van **17:00 - 18:00** by **Hangklipkerk** in Pillansiaweg, Bettysbaai of **18:30 - 20:00** by **Kleinmondkerk** in Vierdelaan, Kleinmond.

Enkele laat inskrywings @ R200-00 per persoon kan wel gedoen word. Skakel vir ds Heinrich by 083 566 1490 om reëlings te tref.

## Neem kennis van die datums

*Ete vir Nuwe Intrekkers* - ***12 April***
*Funksie vir Bo-80's (Hangklip)* - ***16 April***
*Bid op die berg* - ***19 April***
*Funksie vir Bo-80's (Kleinmond)* ***- 8 Mei***
*Hangklip-Ontbyt deur die Manne* - ***9 Mei***

***Skakel gerus die Kerkkantoor met enige navrae.***

# KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
|---|---|

**KONTAKBESONDERHEDE**

Telefoon: 028 271 3470
E-pos: info@ngkogelberg.co.za
Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Hou die datums oop...









## Hangklipkerk se Kuierruimte kort 'n opkikker!

Dit het tyd geword om die Hangklipkerk op Bettysbaai se Kuierruimte op te warm en op te vrolik om dit sodoende klank- en meer kuiervriendelik te maak.

Die vroue aan die stuur van dié opkikker-projek het reeds goeie idees oor 'n kleurskema, maar benodig onder meer die volgende items: klein koffietafel, gemakstoele, mat en materiaal vir maak van tafeldoeke

Indien jy enige van bogenoemde items het om te skenk, of enige ander toepaslike items, of sou jy bereid wees om 'n geldelike bydrae te maak vir die nodige aankope, skakel asseblief met **Sandra Taljaard (083 308 6170)** of **Ledivia de Reuck (082 455 0318)**.

# KOS-& KUIERMARK











## VRYDAG 20 MAART






# Veels Geluk...



## Saterdag 4 April

Venda De Jager 084 964 9579 (Sa2)

Chris Harding (HK3)

Dian Louw 078 624 8754 (Sb3)

Henri Smit (Bb1)

## Sondag 5 April

Susan Barnard 084 487 3767 (HK3)

Jac Durand 087 283 3847 (Sa4)

Tino Erasmus 082 921 3602 (Sa2)

Susan Grobler 083 656 6457 (Sb4)

Adri Keyser 084 517 6664 (PM4)

Mariette van Staden 083 858 7058 (BB2)

## Maandag 6 April

Petro Bosman 084 711 9999 (Sc1)

Reinhardt Meyer (Sc3)

Marietha Rheeder 073 693 7564 (Ba2)

George Turner 079 424 3372 (KB1)

Michelle van Eeden 072 483 5180 (Sa3)

Riana van Huyssteen (BB4)

## Dinsdag 7 April

Schalk Fourie 083 452 4122 (KB1)

Louise Groenewald 072 143 3335 (Ba2)

Albert le Roux 063 658 7523 (Sc4)

Marie Oberholzer 083 941 1145 (BB2)

Deen Theron 076 904 3092 (KB5)

Deon van Heerden 082 899 0645 (PM5)

## Woensdag 8 April

Leamé Hyman (Bb1)

Jac le Roux (Ba3)

Fanie Venter 063 265 3949 (BB2)

## Donderdag 9 April

Ellen Bolton 082 920 8230 (HK3)

Comine Conradie 082 321 3681 (Sc2)

Angelique Edwards 083 293 5336 (Sc4)

Kobus Le Roux 082 652 4309 (Ba3)

Cita Oosthuizen 083 367 9482 (BB3)

Karin Potgieter 082 570 2830 (BB4)

Dawie Snyman 072 030 1707 (Sa2)

Madeleine Swart 082 434 7377 (Sc4)

## Vrydag 10 April

Thersia Broodryk 082 801 1770 (Sa2)

Adri Maree (Ba3)

Diana Meyer (Ba2)

Pieter Myburg 071 682 0821 (BB3)

Hester Smit 083 584 7736 (Sb1)

Dienie Truter 082 895 8395 (KB1)

Petro van Wyk 084 708 8483 (Ba1a)

Huibrie Verster 084 436 1646 (Bb2)




## GROEPGESPREKKE | 6 - 11 APRIL 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

- Watter gewoontes vorm jou dag sonder dat jy eers daaraan dink?
- Hoe beïnvloed daardie gewoontes jou keuses?
- Ons keuses voel dikwels soos “oomblik-besluite”, maar word eintlik gevorm deur ons gewoontes.  Stem julle saam met hierdie stelling?
- Gesels bietjie oor die verskillende gewoontes:
  - Gewoontes van vrees (soos om konflik te vermy)
  - Gewoontes van kompromie (om mense tevrede te stel)
  - Gewoontes van toewyding (soos tyd maak vir God)
- Wanneer laas het jy ’n keuse gemaak waaroor jy later spyt was?
- Watter gewoonte het daardie keuse beïnvloed?
- Waar volg jy dalk vir Jesus “op ’n afstand”?

**3. God se storie...**

Onthou weer saam die gebeure van Johannes 18-20 of laat iemand dit kortliks opsom.  Die verhaal vertel vir ons van verskillende persone en die keuses wat hulle gemaak het.

Johannes 18:15-27 vertel van Petrus se keuse om Jesus op ‘n afstand te volg, en om onder druk Hom drie keer te verloën.

- *Hoe - dink julle - het Petrus se gewoontes van vrees en selfberskerming hierdie keuse beïnvloed?*

Johannes 18:28-40 & 19:12-16 vertel van Pilatus se keuse om sonder oortuiging die skare tevrede te stel.

- *Hoe - dink julle - het Pilatus se gewoonte om kompromieë te maak en mense te plesier hierdie keuse beïnvloed?*

Johannes 19:16-30 vertel hoe Jesus ‘n keuse maak om gehoorsaam aan Sy Vader te bly tot die einde.

- *Hoe - dink julle - help Jesus se gewoonte om te vertrou en gehoorsaam te wees Hom met hierdie keuse?*

Johannes 20:1-18 vertel van Maria Magdalena se keuse om haar toewyding aan Jesus na te kom, al is dit net met die versorging van Sy liggaam.

- *Hoe - dink julle - het haar gewoonte om met liefde en volharding te dien haar gehelp met hierdie keuse?*
- Gesels met mekaar oor die volgende vrae:
  - Wat val jou op oor hierdie verskillende mense se keuses?
  - Hoe het hulle gewoontes hul optrede bepaal?
  - Watter karakter staan vir jou die meeste uit?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander…**
Jesus se keuses maak dit moontlik vir ons as Sy dissipels om nuwe gewoontes aan te leer en sodoende ook nuwe keuses te maak.

1. Soos Petrus wat geneem word van vrees na geloof.
   - Waar moet jy en ek leer om te vertrou eerder as vrees?
2. Soos Pilatus van kompromie na waarheid
   - Waar is jy besig om mense eerder as God te probeer tevrede stel?
3. Soos Jesus van oomblikke van swakheid na absolute gehoorsaamheid
   - In watter aspek van jou lewe vra God vandag jou gehoorsaamheid?
4. Soos Maria van soek na vind
   - Hoe kan jy hierdie week doelbewus tyd maak om Jesus te soek?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir gebede waar julle bid.**

- vir wysheid om reg te kies
- vir die krag om nuwe gewoontes te bou
- vir 'n hart soos Jesus – gehoorsaam en getrou

**Ons lees dié week uit die Woord…**
Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 6 April 2026 – Johannes 18:15 - 20:25
- Dinsdag 7 April 2026 – Psalm 16
- Woensdag 8 April 2026 – Hand 2:14a & Hand 2:22-32
- Donderdag 9 April 2026 – 1 Petrus 1:3-9
- Vrydag 10 April 2026 - Johannes 20:19-25
- Saterdag 11 April 2026 - Johannes 20:26-31